PRIMÊRE SKOOL UNIVERSITAS

Desember 2024

# BESTE TJOKKIE OUER

Die Beheerliggaam het tydens 'n vergadering wat op 12 November 2024 gehou is, die begroting aan die ouers voorgelê. Na deeglike bespreking het die ouers wat teenwoordig was die begroting en die voorgestelde skoolgeld, eenparig aanvaar en goedgekeur.

As finansiële komitee is ons deeglik bewus van die uitdagings wat u, veral in dié tyd, in die gesig staar. Ons doen tog 'n dringende beroep op u as ouer/voog om u skoolgeldverpligting maandeliks na te kom, ten einde die skool in staat te stel om sy maandelikse verpligtinge na te kom.

As vergunning kan u die skoolgeld as volg betaal:

**BANKBESONDERHEDE:**

Universitas Primêre Skool

ABSA TJEKREKENING

REK NR: 1570 670 200

TAKKODE: 632005

## Betalingsmetodes:

- Debietorder
- Internetoorbetalings

## VERWYSINGS:

**Vir skoolgeld/ Nasorgsentrum-gelde:** U kind se skoolrekening verwysingsnommer. Kontak die Finansiële kantoor indien u nie seker is van die nommer nie – annelize@tjokkies.co.za

**Let wel:** Hierdie is nie die leerder se toelatingsnommer nie.

**Vir ander geld:** Kyk asb. op betrokke brief watter verwysing gebruik moet word.

# EENMALIGE BETALING VAN SKOOLFONDS

(Betaling voor **1 Maart 2025**)

| | |
|---|---|
| • Een paaiement | R18,100.00 (R1,700.00 korting) |
| • Nasorgsentrum-gelde per jaar | R6,050.00 |

# BETALING PER DEBIETORDER

(Tydperk: Februarie – Desember 2025)

| | |
|---|---|
| • Skoolfonds per maand (oor 11 maande) | R1,660.00 |
| • Nasorgsentrum-gelde per maand (oor 11 maande) | R 550.00 |
| • Skoolfonds + Nasorgsentrum-gelde per maand | R2,210.00 |

# INDIEN U OP ENIGE ANDER WYSE BETAAL

(Tydperk: Februarie – Desember 2025)

| | |
|---|---|
| • Skoolfonds per maand | R1,800.00 (Totaal R19,800.00 per jaar) |
| • Nasorgsentrum-gelde per maand | R 550.00 (Totaal R6,050.00 per jaar) |
| • Tweede kind | R1,800.00 |
| • Derde en meer kinders | R 870.00 |
| • Nasorgsentrum-gelde per kwartaal | R1,510.00 |

# <u>DEBIETORDERVORMS</u>

- Bestaande debietorders bly geldig en u hoef nie nuwe vorms vir 2025 te voltooi nie. Die aanpassing sal outomaties gedoen word. **<u>Lig asb. die finansiële kantoor (daleen@tjokkies.co.za) in voor 17 *Januarie 2025* indien u debietorder aangepas word wanneer boeties/ sussies weg is of nuwe boetie/ sussie moet by gesit word of indien u bankbesonderhede verander het.</u>**
- Nuwe ouers wat nie verlede jaar in Tjokkies was nie en wat per debietorder wil betaal moet 'n debietordervorm invul en nie later as <u>Vrydag 17 Januarie 2025</u> epos na daleen@tjokkies.co.za, sodat dit nog betyds by die bank kan deurgaan. Debietordervorms is op die webblad www.tjokkies.co.za beskikbaar.
- Alle ouers wat nog nie per debietorder betaal nie, word aangemoedig om die opsie te oorweeg, daarom die korting van R140 per maand of R1 540 per jaar.
- Debietorders hou vir die skool die voordeel in dat skoolgeld stiptelik en op 'n gereelde basis oorbetaal word, en dit vergemaklik ons administrasie geweldig. Verder help dit ons om ons maandelikse verpligtinge stiptelik na te kom.
- **<u>Volle skoolfonds sal op rekeninge gehef word waar debietorders onbetaald is. Indien 'n debietorder nie deurgaan nie, sal u vir die ekstra administratiewe koste (R140/ kind) aanspreeklik gehou word.</u>**
- Dit is ouers se verantwoordelikheid om die finansiële kantoor in te lig indien bankbesonderhede vir debietorders verander het.

## ANDER BELANGRIKE SAKE:

- Indien enige paaiement nie gemaak of suksesvol deur die bank betaal is nie, is die totale uitstaande skoolgeld onmiddellik betaalbaar soos bepaal volgens die Suid-Afrikaanse skolewet. **Neem kennis dat indien 'n ouer sou versuim om skoolgeld tydig te betaal, die volle jaar se skoolgeld onmiddellik opeisbaar en betaalbaar word.**

- Skoolgeld is vooruit betaalbaar voor of op die 7de van elke maand.
- Vir ouers wat op die 15de salaris ontvang, is die keerdatum die 20ste van die maand. **Dit is egter belangrik dat u ons finansiële beampte hiervan in kennis sal stel en die nodige reëling maak.**
- Alhoewel skoolgeld verpligtend en afdwingbaar is, maak die Skolewet voorsiening vir korting of kwytskelding. Ouers wat nie skoolgeld kan bekostig nie, kan ooreenkomstig die Skolewet aansoek om korting of kwytskelding doen. Aansoekvorms is via epos vanaf **15 Januarie 2025** by me Beaulah du Plessis (beaulah@tjokkies.co.za) beskikbaar en moet voor of op **3 Februarie 2025** elektronies terug gestuur word. Aansoeke wat laat is of waarby nie die nodige bewyse aangeheg is nie, sal nie in aanmerking geneem kan word nie. Ouers kan wel egter later in die jaar aansoek doen vir korting indien u finansiële posisie negatief verander het.
- **Ouers moet elke jaar heraansoek doen vir korting of kwytskelding, aangesien u omstandighede kon verander het.**
- **Die Regulasies vir korting of vrystelling van skoolgeld, wat deur alle ouers voltooi moet word, word saam met die eerste nuusbrief in 2025 aan u gestuur.**
- Die begroting en 'n uittreksel van die Skolewet rakende korting is by die skool beskikbaar sou u belangstel om insae daarin te hê.

## 2. KONTANTVRYE SKOOL (Veral nuwe ouers moet kennis neem)

Die hantering van groot bedrae kontant skep 'n veiligheidsrisiko, vir kinders en personeel, en derhalwe het die Beheerliggaam reeds jare gelede tydens 'n begrotingsvergadering besluit om 'n kontantvrye skool te word. Baie dankie dat u hierdie reëling respekteer.

**Hoe nou gemaak?**

- Die maklikste is om 'n debietorder te reël. Indien u nie per debietorder wil/kan betaal nie, is daar heelwat ander wyses van betaling soos bv.
  - ✓ Internetbetaling
  - ✓ Kitsbank oorbetaling
  - ✓ Bankdeposito

- In die geval van 'n kitsbank moet u eenmalig met u bank reël om die skool as begunstigde te koppel. Die oorplasing van geld is so maklik soos enige ander kitsbanktransaksie.
- **Dit is ook belangrik dat u in al bogenoemde opsies u kind(ers) se name en <u>skoolrekening verwysingsnommer</u> vermeld, sodat dit op die skool se bankstate verskyn. Skakel die finansiële kantoor vir u kind se verwysingsnommer.**
- Ander vrywillige nie-kurrikulumgelde soos Nasorgsentrum-gelde en toergeld moet ook by wyse van bogenoemde opsies betaal word. Indien ons nie die gelde ontvang nie sal die dienste nie kan voortgaan nie.
- **U kan ook reël dat Nasorgsentrum-gelde saam met die skoolgeld per debietorder afgetrek word. Gelde vir die nasorgsentrum is R1 510 per kwartaal vooruitbetaalbaar. Indien u dit oor elf maande saam met skoolgeld per debietorder betaal is dit R550 pm ekstra. <u>Maak asb. seker dat die Nasorgsentrum se gelde wel ingesluit is by die debietorder – 'n nuwe debietordervorm moet aan die finansiële kantoor gestuur word indien Nasorgsentrum-gelde nie vantevore ingesluit was nie</u>.**
- **Vanaf 2025 sal daar <u>nie</u> meer die opsie van R50.00 per kind per dag by die Nasorgsentrum toegelaat word nie. Slegs ingeskrewe leerders sal by die Nasorgsentrum toegelaat word.**
- Klein bedrae soos foto-, uitstappiegeld, ens. sal op Karri gelaai word.

Die bestuur van die skool bedank u vir die jaar se ondersteuning en wens u 'n voorspoedige en geseënde 2025 toe.

| | |
|---|---|
| …………………… | ……………………………… |
| Mnr Wessel Groenewald | Mnr Werner Nel |
| Voorsitter vd Beheerliggaam | Voorsitter vd Finansiële kommitee |

H/V Paul Kruger en Ross str | Universitas | Bloemfontein | Posbus 11073 | Universitas | 9321
Tel: (051) 522 1371 | Faks: (051) 522 4875 | E-pos: office@tjokkies.co.za | www.tjokkies.co.za